



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 619 Cape Town,
Kaapstad, 19 January 2017

No. 40555

THE PRESIDENCY

No. 33 19 January 2017

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No. 4 of 2016: Performing Animals Protection Amendment Act, 2016

DIE PRESIDENSIE

No. 33 19 Januarie 2017

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

Wet No 4 van 2016: Wysigingswet op Beskerming van Gedresseerde Diere, 2016



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

- [] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
- Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President)
(Assented to 18 January 2017)

ACT

To amend the Performing Animals Protection Act, 1935, so as to repeal certain sections; to insert certain definitions; to provide for the designation of a National Licensing Officer; to provide for a procedure for the application for a licence to exhibit and train performing animals or use of animals for safeguarding; to provide for the functions of a National Licensing Officer; to provide for the issuance of licences; to provide for an appeals process; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Repeal of section 2 of Act 24 of 1935

1. Section 2 of the Performing Animals Protection Act, 1935 (Act No. 24 of 1935), (hereinafter referred to as the “principal Act”), is hereby repealed. 5

Repeal of section 3 of Act 24 of 1935

2. Section 3 of the principal Act is hereby repealed.

Insertion of sections 3A to 3P in Act 24 of 1935

3. The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 3:

“Designation of National Licensing Officer” 10

3A. The Minister must designate a National Licensing Officer who is an officer of the Department to exercise the powers and perform the duties in terms of section 3C of this Act.

Qualification of National Licensing Officer

3B. The officer designated in terms of section 3A must be— 15
(a) an Animal Scientist; or
(b) a Veterinarian.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

- [] Woorde in vierkantige hakies, dui weglatings uit bestaande verordenings aan.
- _____ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 18 Januarie 2017)

WET

Tot wysiging van die Beskerming van Gedresseerde Diere Wet, 1935, ten einde sekere artikels te herroep; sekere omskrywings in te voeg; voorsiening te maak vir die aanwysing van 'n Nasionale Lisensiëringsbeampte; voorsiening te maak vir 'n prosedure vir aansoek om 'n lisensie om gedresseerde diere te vertoon en af te rig of diere vir beveiliging te gebruik; voorsiening te maak vir die werksaamhede van 'n Nasionale Lisensiëringsbeampte; voorsiening te maak vir die uitreiking van lisensies; voorsiening te maak vir 'n appèlproses; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Herroeping van artikel 2 van Wet 24 van 1935

1. Artikel 2 van die Beskerming van Gedresseerde Diere Wet, 1935 (Wet No. 24 van 1935) (hierna die “Hoofwet” genoem), word hierby herroep. 5

Herroeping van artikel 3 van Wet 24 van 1935

2. Artikel 3 van die Hoofwet word hierby herroep.

Invoeging van artikels 3A tot 3P in Wet 24 van 1935

3. Die volgende artikels word hierby na artikel 3 in die Hoofwet ingevoeg:

“Aanwysing van Nasionale Lisensiëringsbeampte 10

3A. Die Minister moet 'n Nasionale Lisensiëringsbeampte wat 'n beampte van die Departement is, aanwys om die bevoegdheids en die pligte ingevolgt artikel 3C van hierdie Wet uit te voer en te verrig.

Kwalifikasie van Nasionale Lisensiëringsbeampte

3B. Die beampte ingevolgt artikel 3A aangewys moet— 15
(a) 'n dierewetenskaplike; of
(b) 'n veearts,
wees.

Functions of National Licensing Officer

- 3C.** (1) The National Licensing Officer may, in a manner that is not inconsistent with this Act or the regulations—
- (a) grant a licence;
 - (b) refuse a licence;
 - (c) amend a licence;
 - (d) suspend a licence;
 - (e) reinstate a licence;
 - (f) cancel a licence;
 - (g) withdraw a licence;
 - (h) attach terms, conditions or limitations to a licence, additional to those provided for in any regulation made under this Act; or
 - (i) request from any person or organisation, subject to the Promotion of Access to Information Act, 2000 (Act No. 2 of 2000), any information that may be required to enable the National Licensing Officer to consider an application for a licence.
- (2) The National Licensing Officer may, in respect of a licence granted in terms of subsection (1)(a)—
- (a) suspend, for such period as it may determine, or cancel a licence for non-compliance with this Act or any regulations made under this Act, or with any terms, conditions or limitations attached to a licence in terms of section 3C(1)(h): Provided that the licence holder has been informed of the non-compliance and given a reasonable opportunity to rectify the non-compliance.
 - (b) declare such licence to be subject to such conditions as contained in this Act and the regulations made under this Act, and further conditions specific to the application concerned; or
 - (c) withdraw the suspension of such licence or of any right or privilege that is attached thereto, subject to such conditions as contained in this Act and the regulations made under this Act.
- (3) The National Licensing Officer must perform such other functions as may be assigned to him or her in terms of this Act.

Appointment of experts

3D. The Director-General may, at the request of the National Licensing Officer, and subject to the laws regulating the public service, appoint such experts or other persons as may be necessary to implement this Act.

Delegation of powers and functions

- 3E.** (1) The National Licensing Officer may delegate any of his or her functions under this Act to—
- (a) an officer, in consultation with the relevant head of department; or
 - (b) an expert or other person appointed in terms of section 3D.
- (2) A delegation in terms of subsection (1) must—
- (a) be in writing; and
 - (b) state the nature and extent of the delegation.
- (3) A person contemplated in subsection (1) must comply with the qualifications set out in section 3B.

Application for licence

- 3F.** (1) Any person who—
- (a) intends to exhibit an animal;
 - (b) trains an animal to be exhibited; or

Werkzaamhede van Nasionale Lisensiëringsbeampte

- 3C.** (1) Die Nasionale Lisensiëringsbeampte kan, op 'n wyse wat nie onbestaanbaar met hierdie Wet of die regulasies is nie—
- (a) 'n lisensie toestaan;
 - (b) 'n lisensie weier;
 - (c) 'n lisensie wysig;
 - (d) 'n lisensie opskort;
 - (e) 'n lisensie herinstel;
 - (f) 'n lisensie kanselleer;
 - (g) 'n lisensie intrek;
 - (h) bepalings, voorwaardes of voorbehoude aan 'n lisensie heg, bykomstig tot dié waarvoor 'n regulasie ingevolge hierdie Wet uitgevaardig, voorsiening maak; of
 - (i) van enige persoon of organisasie, behoudens die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000), enige inligting aanvra wat nodig mag wees om die Nasionale Lisensiëringsbeampte in staat te stel om 'n aansoek om 'n lisensie te oorweeg.
- (2) Die Nasionale Lisensiëringsbeampte kan, ten opsigte van 'n lisensie ingevolge subartikel (1)(a) toegestaan—
- (a) 'n lisensie opskort, vir sodanige tydperk wat hy of sy bepaal, of kanselleer weens nievoldoening aan hierdie Wet of enige regulasies kragtens hierdie Wet uitgevaardig of aan enige bepalings, voorwaardes of voorbehoude wat ingevolge artikel 3C(1)(h) aan 'n lisensie geheg is: Met dien verstande dat die lisensiehouer van die nievoldoening verwittig is en 'n redelike geleentheid gegun is om die nievoldoening reg te stel;
 - (b) verklaar dat die lisensie aan die voorwaardes in hierdie Wet vervat, aan die regulasies kragtens hierdie Wet uitgevaardig en aan verdere voorwaardes eie aan die betrokke aansoek, onderhewig is; of
 - (c) die opskorting van die lisensie of van 'n reg of voorreg wat daaraan verbonde is, intrek behoudens die voorwaardes vervat in hierdie Wet en die regulasies kragtens hierdie Wet uitgevaardig.
- (3) Die Nasionale Lisensiëringsbeampte moet die ander werkzaamhede verrig wat ingevolge hierdie Wet aan hom of haar opgedra kan word.

Aanstelling van kundiges

3D. Die Direkteur-generaal kan, op versoek van die Nasionale Lisensiëringsbeampte, en behoudens die wette wat die staatsdiens reël, die kundiges of ander persone aanstel wat nodig mag wees om hierdie Wet in werking te stel.

Delegering van bevoegdhede en werkzaamhede

- 3E.** (1) Die Nasionale Lisensiëringsbeampte kan enige van sy of haar werkzaamhede kragtens hierdie Wet deleger aan—
- (a) 'n beampte, in oorleg met die tersaaklike departementshoof; of
 - (b) 'n kundige of ander persoon wat ingevolge artikel 3D aangestel is.
- (2) 'n Delegering ingevolge subartikel (1) moet—
- (a) skriftelik wees; en
 - (b) die aard en omvang van die delegering stel.
- (3) 'n Persoon in subartikel (1) beoog moet aan die kwalifikasies in artikel 3B uiteengesit, voldoen.

Aansoek om lisensie

- 3F.** (1) Iemand wat—
- (a) voornemens is om 'n dier te vertoon;
 - (b) 'n dier afrig om vertoon te word; of

(c) uses an animal for safeguarding, must apply to the National Licensing Officer for the district in which the permanent address of the applicant is situated and must pay the prescribed fee.

(2) An application for a licence in terms of this Act must be in writing and must include the following information:

- (a) A detailed description of the animal that the applicant intends to exhibit or train for exhibition or use for safeguarding;
- (b) a detailed description of the general nature of the performances in which the animal is intended to be exhibited or trained to be exhibited;
- (c) a detailed description of the general nature of the safeguarding in which the animal is intended to be used;
- (d) a detailed description of the type of living quarters that will be provided to the animal when performing or not performing, being exhibited or trained to be exhibited or for safeguarding;
- (e) meal plans and general practices that the applicant will follow to maintain and ensure the health and wellbeing of the animal;
- (f) the number of hours per day that the animal will be required to perform, be exhibited, trained to be exhibited or safeguarded;
- (g) written motivation for the granting of the licence;
- (h) information as to whether the applicant has ever held or been refused a certificate or licence in the past; and
- (i) proof of payment of the prescribed fee.

(3) The National Licensing Officer may, with the consent of the applicant, visit the premises under the lawful control of the applicant to assess the suitability thereof for the intended exhibition, training or safeguarding of animals.

Consideration and granting of applications for licences by National Licensing Officer

3G. (1) The National Licensing Officer may grant an application for any licence if he or she is satisfied—

- (a) with the information furnished by the applicant as contemplated by section 3F(2); and
- (b) that the premises, accommodation, equipment and facilities that are utilised for the training, exhibition or performance of the animal are safe and will not cause harm to the animal.

(2) The National Licensing Officer must consider and decide on an application within 45 days after receipt of the application.

Hearing of applications

3H. (1) The National Licensing Officer may make a determination whether to grant, refuse, or amend a licence on the basis of the documents submitted by the applicant.

(2) If the National Licensing Officer cannot make a determination on the documents submitted by the applicant he or she may convene a hearing to consider any application on such date, time and place as determined by him or her.

(3) The applicant and any interested person that the National Licensing Officer may request to be present at the hearing must be notified of the date, time and place of the hearing, in writing, at least 10 days before the date of the hearing.

(4) The National Licensing Officer may permit the applicant and any interested person to make further oral or written representations as to whether a licence should be granted, refused or amended.

- (c) 'n dier vir beveiliging gebruik, moet by die Nasionale Lisensiëringsbeampte van die distrik waarin die permanente adres van die aansoeker geleë is, aansoek doen en moet die voorgeskrewe gelde betaal.
- (2) 'n Aansoek om 'n lisensie ingevolge hierdie Wet, moet skriftelik wees en moet die volgende inligting insluit:
- (a) 'n Uitvoerige beskrywing van die dier wat die aansoeker voornemens is om te vertoon of af te rig vir vertoning of te gebruik vir beveiliging;
- (b) 'n uitvoerige beskrywing van die algemene aard van die uitvoerings waarin die dier bestem is om vertoon te word of vir vertoning afgerig te word;
- (c) 'n uitvoerige beskrywing van die algemene aard van die beveiliging waarvoor die dier bestem is om gebruik te word;
- (d) 'n uitvoerige beskrywing van die tipe blyplek wat vir die dier voorsien sal word wanneer dit optree of nie optree nie, vertoon word of afgerig word om vertoon te word of vir beveiliging;
- (e) maaltydplanne en algemene praktyke wat die aansoeker sal volg om die gesondheid en welstand van die dier te handhaaf en te verseker;
- (f) die getal ure per dag wat van die dier vereis sal word om op te tree, vertoon te word, afgerig te word om vertoon te word of vir beveiliging gebruik te word;
- (g) skriftelike motivering vir die toestaan van die lisensie;
- (h) inligting oor hetsy die aansoeker ooit in die verlede 'n sertifikaat of lisensie gehou het of geweier is; en
- (i) bewys van betaling van die voorgeskrewe gelde.
- (3) Die Nasionale Lisensiëringsbeampte kan, met die toestemming van die aansoeker, die perseel onder die wettige beheer van die aansoeker besoek om die geskiktheid daarvan vir die voorgenome vertoning, afrigting of beveiliging van diere te assesser.

Oorweging en toestaan van aansoeke om lisensies deur Nasionale Lisensiëringsbeampte

- 3G.** (1) Die Nasionale Lisensiëringsbeampte kan 'n aansoek om enige lisensie toestaan indien hy of sy tevrede is—
- (a) met die inligting deur die aansoeker verstrek soos in artikel 3F(2) beoog; en
- (b) dat die perseel, akkommodasie, toerusting en fasiliteite wat vir die afrigting, vertoning of opvoering van die dier gebruik word veilig is en nie enige leed aan die dier sal veroorsaak nie.
- (2) Die Nasionale Lisensiëringsbeampte moet die aansoek oorweeg en daaroor besluit binne 45 dae vanaf ontvangs daarvan.

Aanhoor van aansoeke

- 3H.** (1) Die Nasionale Lisensiëringsbeampte kan 'n bepaling maak om 'n lisensie toe te staan, te weier of te wysig op grond van die dokumente wat deur die aansoeker voorgelê is.
- (2) Indien die Nasionale Lisensiëringsbeampte nie 'n beslissing kan maak op grond van die dokumente deur die aansoeker voorgelê nie, kan hy of sy 'n verhoor saamroep om 'n aansoek te oorweeg op sodanige datum, tyd en plek wat hy of sy bepaal.
- (3) Die aansoeker en enige belanghebbende persoon wat die Nasionale Lisensiëringsbeampte kan vra om by die verhoor teenwoordig te wees, moet ten minste 10 dae voor die datum van die verhoor skriftelik in kennis gestel word van die datum, tyd en plek van die verhoor.
- (4) Die Nasionale Lisensiëringsbeampte kan die aansoeker en enige ander betrokke persoon toelaat om verdere skriftelike of mondelinge vertoë te rig oor hetsy die lisensie toegestaan, geweier of gewysig moet word.

Issuing of licence

3I. The National Licensing Officer must, within 7 days after making a decision, inform the applicant in writing of the granting, refusal or amendment of a licence and notify the applicant of the date, time and place for collection of such licence.

5

Duration of licence

3J. A licence is valid for a period of 12 calendar months from the date of issue thereof.

Validity of licence

3K. A licence is valid for use anywhere within the Republic of South Africa, unless the exhibition, training for exhibition of any animal or use of an animal for safeguarding is specifically prohibited in terms of any Provincial law or Municipal by-law in force within that specific jurisdiction.

10

Suspension, withdrawal or amendment of licence

15

3L. (1) The National Licensing Officer may suspend, withdraw or amend a licence if the applicant no longer complies with any condition subject to which the licence was issued.

(2) The National Licensing Officer may not suspend, withdraw or amend a licence, unless the licence holder in question has been—

20

- (a) informed of the intended suspension, withdrawal or amendment and the grounds upon which it is based; and
- (b) afforded a reasonable opportunity to make written representations or to rectify any deficiency within the period specified by the National Licensing Officer.

25

(3) If a licence is refused, suspended, cancelled or withdrawn, an applicant must cease the training, exhibition or use of an animal for safeguarding.

Right to appeal

3M. A person who feels aggrieved by any decision or action by the National Licensing Officer in terms of this Act may appeal in the prescribed manner to the Minister against such decision or action.

30

Appeal Board, composition and membership

3N. (1) The Minister may constitute a board known as the Appeal Board to investigate and consider any appeal referred to it in terms of section 3O(1).

35

(2) The Board must consist of at least three members appointed by the Minister, of whom—

- (a) one person must be appointed on account of his or her knowledge in the relevant fields of the law; and
- (b) two or more persons must have expert knowledge of the subject of the appeal.

40

(3) The person referred to in subsection 2(a) must be designated as the chairperson.

(4) The remuneration of a member of the Board must be prescribed.

45

(5) Any person appointed in terms of subsection (2) must recuse himself or herself as a member of the Board if he or she has any direct or indirect personal interest in the outcome of the appeal.

Uitreiking van lisensie

3I. Die Nasionale Lisensieringsbeampte moet, binne sewe dae nadat 'n besluit geneem is, die aansoeker skriftelik verwittig van die toestaan, weiering of wysiging van die lisensie en die aansoeker in kennis stel van die datum, tyd en plek vir die afhaal van die lisensie. 5

Duur van lisensie

3J. 'n Lisensie is geldig vir 'n tydperk van 12 kalendermaande vanaf die datum van uitreiking daarvan.

Geldigheid van lisensie

3K. 'n Lisensie is geldig vir gebruik in enige plek in die Republiek van Suid-Afrika, tensy die vertoning, afrigting vir vertoning van enige dier of gebruik van enige dier vir beveiliging bepaald belet word ingevolge enige provinsiale wet of munisipale verordening wat in daardie bepaalde jurisdiksie van krag is. 10

Opskorting, intrekking of wysiging van lisensie 15

3L. (1) Die Nasionale Lisensieringsbeampte kan 'n lisensie opskort, intrek of wysig as die aansoeker nie meer voldoen aan 'n voorwaarde waarkragtens die lisensie uitgereik is nie.

(2) Die Nasionale Lisensieringsbeampte mag nie 'n lisensie opskort, intrek of wysig nie, tensy die betrokke lisensiehouer— 20

(a) verwittig is van die voorgenome opskorting, intrekking of wysiging en die gronde daarvoor; en

(b) 'n redelike geleentheid gegun is om, binne die tydperk deur die Nasionale Lisensieringsbeampte vermeld, skriftelik versoë te rig of om enige tekortkoming reg te stel. 25

(3) Indien 'n lisensie geweier, opgeskort, gekanselleer of ingetrek word, moet 'n aansoeker die afrigting, vertoning of gebruik van 'n dier vir beveiliging, staak.

Reg op appèl

3M. 'n Persoon wat te na gekom voel deur enige besluit of handeling van die Nasionale Lisensieringsbeampte ingevolge hierdie Wet, kan op die voorgeskrewe wyse by die Minister appèl aanteken teen die besluit of handeling. 30

Appèlraad, samestelling en lidmaatskap

3N. (1) Die Minister kan 'n raad bekend as die Appèlraad saamstel om enige appèl wat ingevolge artikel 3O(1) daarheen verwys is, te oorweeg. 35

(2) Die Raad moet uit ten minste drie lede bestaan wat deur die Minister aangestel is, waarvan—

(a) een persoon op grond van sy of haar kennis in die tersaaklike velde van die reg aangestel moet word; en 40

(b) twee of meer persone kundig oor die onderwerp van die appèl moet wees.

(3) Die persoon in subartikel 2(a) bedoel moet as die voorsitter aangewys word.

(4) Die vergoeding van 'n lid van die Raad moet voorgeskryf word. 45

(5) Enige persoon ingevolge subartikel (2) aangestel moet homself of haarself as 'n lid van die Raad onttrek as hy of sy enige regstreekse of onregstreekse belang in die uitkoms van die appèl het.

Investigation and consideration by Board

3O. (1) The Minister may refer an appeal to the Board.

(2) An appeal must be heard on the date, time and place determined by the chairperson.

(3) The chairperson must inform the appellant and any other party that has an interest in the appeal in writing of the date, time and place of the hearing.

(4) The chairperson may, for the purposes of the hearing of an appeal—

(a) summon any person who may have material information concerning the subject of the hearing or who has in his or her possession or custody or under his or her control any document which has any bearing upon the subject of the hearing, to appear before the Board at a date, time and place specified in the summons, to be questioned or to produce that document, and the chairperson may retain for examination any document so produced; and

(b) administer an oath to or accept an affirmation from any person called as a witness at the hearing.

(5) A person who appeals in terms of section 3M and the National Licensing Officer may be represented.

(6) If a member of the Board—

(a) dies during the investigation of the appeal or so soon before the commencement of the investigation that the vacancy cannot be filled in time;

(b) is unable to act and another person cannot be appointed in time; or

(c) is, after the investigation has commenced, unable to continue therewith,

the parties may agree that the investigation be continued by the remaining members of the Board.

(7) Where the member of the Board who has died or has become incapacitated as envisaged in subsection (6) was or is the chairperson of the Board, the Minister must designate one of the remaining members of the Board to act as chairperson.

Consideration of appeal by Minister

3P. (1) Where the Minister has referred an appeal to the Board in terms of section 3O(1), he or she may—

(a) confirm or set aside the recommendations of the Board; and

(b) order the National Licensing Officer to execute the decision in connection therewith.

(2) Where the Minister considers an appeal, he or she may—

(a) confirm, set aside or vary the decision of the National Licensing Officer; and

(b) order the National Licensing Officer to execute the decision in connection therewith.

(3) The decision of the Minister must be in writing and a copy thereof must be furnished to the National Licensing Officer, appellant and any other party that has an interest in the appeal.

(4) If the Minister—

(a) sets aside any decision or action by the National Licensing Officer, the prescribed fee paid by the appellant in respect of the appeal must be refunded to him or her; or

(b) varies any decision or action by the National Licensing Officer, the Minister may direct that the whole or any part of such fee, be refunded to the appellant.”.

Onderzoek en oorweging deur Raad

30. (1) Die Minister kan 'n appèl na die Raad verwys.

(2) 'n Appèl moet op die datum, tyd en plek wat die voorsitter vasstel, aangehoor word.

(3) Die voorsitter moet die appellant en enige party wat 'n belang by die appèl het, skriftelik in kennis stel van die datum, tyd en plek van die verhoor. 5

(4) Die voorsitter kan, vir die doel van die aanhoor van 'n appèl—

(a) enige persoon dagvaar wat wesenlike inligting mag hê oor die onderwerp van die verhoor of wat enige dokument in sy of haar besit of bewaring of onder sy of haar beheer het wat op die onderwerp van die verhoor betrekking het, om voor die Raad te verskyn op 'n datum, tyd en plek wat in die dagvaardiging vermeld is, om ondervra te word of om daardie dokument te verstrek, en die voorsitter kan enige aldus verstrekte dokument vir ondersoek behou; en 10 15

(b) 'n eed afneem van of 'n plegtige verklaring aanvaar van enige persoon wat as 'n getuie by die verhoor verskyn.

(5) 'n Persoon wat ingevolge artikel 3M appèl aanteken en die Nasionale Lisensiëringsbeampte kan verteenwoordig word. 20

(6) Indien 'n lid van die Raad—

(a) tydens die ondersoek van die appèl tot sterwe kom of so gou voor die aanvang van die ondersoek dat die vakature nie betyds gevul kan word nie; 25

(b) nie kan optree nie en iemand anders nie betyds aangestel kan word nie; of

(c) na aanvang van die ondersoek, nie daarmee kan voortgaan nie, kan die partye ooreenkom dat die ondersoek deur die oorblywende lede van die Raad voortgesit word.

(7) Waar die lid van die Raad wat tot sterwe gekom het of ongeskik geword het soos in subartikel (6) beoog, die voorsitter van die Raad is of was, moet die Minister een van die oorblywende lede van die Raad aanstel om as voorsitter op te tree. 30

Oorweging van appèl deur Minister

3P. (1) Waar die Minister ingevolge artikel 3O(1) 'n appèl na die Raad verwys het, kan hy of sy— 35

(a) die aanbevelings van die Raad bevestig of ter syde stel; en
(b) beveel dat die Nasionale Lisensiëringsbeampte die besluit in verband daarmee uitvoer.

(2) Waar die Minister 'n appèl oorweeg, kan hy of sy—

(a) die besluit van die Nasionale Lisensiëringsbeampte bevestig, ter syde stel of verander; en 40

(b) beveel dat die Nasionale Lisensiëringsbeampte die besluit in verband daarmee uitvoer.

(3) Die Minister se besluit moet skriftelik wees en 'n afskrif daarvan moet aan die Nasionale Lisensiëringsbeampte, appellant en enige ander party met 'n belang in die appèl, verstrek word. 45

(4) Indien die Minister—

(a) enige besluit of aksie van die Nasionale Lisensiëringsbeampte ter syde stel, moet die voorgeskrewe gelde deur die appellant betaal ten opsigte van die appèl, aan hom of haar terugbetaal word; of 50

(b) enige besluit of aksie van die Nasionale Lisensiëringsbeampte verander, kan die Minister gelas dat die geheel of enige deel van sodanige gelde, aan die appèllant terugbetaal word."

Amendment of section 4 of Act 24 of 1935, as substituted by section 4 of Act 7 of 1991

4. The following section is hereby substituted for section 4 of the principal Act:

“Right of entry

4. In addition to the powers conferred by any other law, any police officer may—
- (a) at any reasonable time enter upon any premises, place or vehicle in which animals are maintained, or kept or confined for the purposes of exhibition or of being trained or of being transported or in which **[dogs]** animals used for safeguarding are maintained, kept, confined or conveyed;
 - (b) inspect any such animals, **[dogs,]** premises, places or vehicles and may fully enquire into the measures and methods by which such animals **[or dogs]** are controlled, restrained, trained or used and the course of feeding such animals **[or dogs]**; and
 - (c) during any exhibition of trained animals, or during the use of **[dogs]** animals for safeguarding, or at any other time, enter upon any premises, place or vehicle or portion thereof used in connection with such exhibition or use in order to inspect such premises, place or vehicle, the animals **[or dogs]** present therein and the conditions under which such animals **[or dogs]** are maintained, controlled and fed during such exhibition or use and at other times.”.

Amendment of section 5 of Act 24 of 1935, as substituted by section 2 of Act 20 of 1985 and amended by section 5 of Act 7 of 1991

5. The following section is hereby substituted for section 5 of the principal Act:

“Obstruction of police officer

5. Any person who wilfully obstructs, delays or otherwise interferes with a police officer in the exercise of the powers herein granted, or who conceals any animal with intent to defeat the exercise of such powers, or otherwise hampers or impedes the exercise of such powers **[shall be]**, is guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding **[R4 000]** R20 000 or to imprisonment for a period not exceeding **[twelve months]** five years in addition to any other penalty imposed for the contravention of any provision of this Act or any regulation made thereunder.”.

Amendment of section 7 of Act 24 of 1935, as amended by section 4 of Act 7 of 1972, section 1 of Act 54 of 1983, section 3 of Act 20 of 1985 and section 6 of Act 7 of 1991

6. The following section is hereby substituted for section 7 of the principal Act:

“Regulations

7. The Minister may, in addition to any other power specially given herein, make regulations not inconsistent with this Act for prescribing any or all of the following matters[—]:
- (a) **[the]** The form of application, **[and]** information to be supplied and the fee to be paid upon application for the granting of a licence; **[and for the renewal thereof];**
 - (b) (i) the form of **[certificate]** licence which **[shall]** must be issued in respect of licensed animals **[or dogs]** and the form of amendments which may be made on such **[certificates]** licences;

Wysiging van artikel 4 van Wet 24 van 1935, soos vervang deur artikel 4 van Wet 7 van 1991

4. Artikel 4 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Reg van toegang

4. Behalwe die bevoegdhede deur enige ander wet verleen, kan ’n polisiebeampte—
- (a) te enige redelike tyd enige perseel, plek of voertuig betree waarin diere onderhou of gehou of opgesluit word vir doeleindes van vertoning, afrigting of vervoer of waarin **[honde]** diere wat vir beveiliging gebruik word, onderhou, gehou, opgesluit of vervoer word; 10
 - (b) sodanige diere, **[honde,]** persele, plekke of voertuie besigtig en volledig ondersoek doen na die maatreëls en metodes waardeur sodanige diere of honde bestuur, beheer, afgerig of gebruik word en die metode om sodanige diere **[of honde]** te voed; en
 - (c) gedurende enige vertoning van afgerigte diere, of gedurende die gebruik van **[honde]** diere vir beveiliging, of te enige ander tyd, enige perseel, plek of voertuig of gedeelte daarvan wat gebruik word in verband met sodanige vertoning of gebruik, betree ten einde sodanige perseel, plek of voertuig, die diere **[of honde]** daarin aanwesig en die toestand waaronder sodanige diere **[of honde]** gedurende sodanige vertoning of gebruik en te enige ander tyd onderhou, bestuur en gevoed word, te besigtig.”. 15 20 25

Wysiging van artikel 5 van Wet 24 van 1935, soos vervang deur artikel 2 van Wet 20 van 1985 en gewysig deur artikel 5 van Wet 7 van 1991

5. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang: 25

“Verhindering van polisiebeampte

5. Iemand wat ’n polisiebeampte by die uitoefening van die hierby verleende bevoegdhede opsetlik hinder, vertraag of andersins belemmer, of wat ’n dier wegsteek met die voorneme om die uitoefening van sodanige bevoegdhede te veryd, of die uitoefening van sodanige bevoegdhede andersins bemoeilik of dwarsboom, is aan ’n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met ’n boete van hoogstens **[R4 000]** **R20 000** of met gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens **[twaalf maande]** vyf jaar bo en behalwe enige ander straf opgelê vir ’n oortreding van ’n bepaling van hierdie Wet of ’n regulasie daarkragtens gemaak.”. 30 35

Wysiging van artikel 7 van Wet 24 van 1935, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 7 van 1972, artikel 1 van Wet 54 van 1983, artikel 3 van Wet 20 van 1985 en artikel 6 van Wet 7 van 1991

6. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Regulasies

7. Die Minister kan, behalwe enige ander bevoegdheid besonderlik hierin verleen regulasies maak, nie onbestaanbaar met hierdie Wet nie, om een of meer van die volgende sake voor te s krywe[—]:
- (a) **[die]** Die aansoekvorm, **[en]** inligting verstrek te word en die gelde by aansoek betaal te word vir toekening van ’n lisensie **[en vir hernuwing daarvan]**; 45
 - (b) (i) die vorm van **[sertifikaat]** lisensie wat ten opsigte van gelisensieerde diere **[of honde]** uitgereik moet word en die vorm van wysigings wat in sodanige **[sertifikate]** lisensies gemaak kan word; 50

- (ii) the information to be supplied for the issuing of a **[certificate licence]** referred to in subparagraph (i), which includes the manner of identification of an animal; **[or dog;]**
- (c) the method and form of confinement and accommodation of any animal class, species or variety of animals in respect of which a **[certificate licence]** has been issued, whether travelling, or being transported or stationary; 5
- (d) any other reasonable requirement which may be necessary to prevent cruelty or suffering in the exhibition, training, maintenance, use or travelling of animals in respect of which a **[certificate licence]** has been granted; **[and]** 10
- (dA) the manner in which a person may appeal against a decision or action taken by the National Licensing Officer; 15
- (dB) the fee to be paid by a person who appeals a decision or action taken by the National Licensing Officer; 15
- (dC) the remuneration to be paid to a member of the Board; and 15
- (e) a penalty of a fine not exceeding **[R4 000]** ~~R20 000~~ or to imprisonment for a period not exceeding **[twelve months]** ~~five years~~ for a contravention of any regulation, 20
- and generally for the better carrying out of the objects and purposes of this Act.”. 20

Amendment of section 8 of Act 24 of 1995, as amended by section 5 of Act 7 of 1972, section 2 of Act 54 of 1983, section 4 of Act 20 of 1985 and section 7 of Act 7 of 1991

7. The following section is hereby substituted for section 8 of the principal Act:

“Penalty

8. (1) Any person contravening the provisions of this Act or any regulation made thereunder for which a penalty has not been prescribed or any condition of a licence **[or certificate shall be]** is guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding **[R4 000]** ~~R20 000~~ or to imprisonment for a period not exceeding **[twelve months]** ~~five years~~. 30
- [(2) In addition to the penalty provided for in subsection (1) it shall be lawful for a magistrate to suspend for such period as he may determine not exceeding one year the licence of any person convicted of a second or subsequent offence under this Act or any other law relating to the prevention of cruelty to animals.** 35
- (3) Every magistrate shall endorse upon the licence of every holder the particulars of every offence of which such holder has been convicted and the penalty imposed.]”.**

Amendment of section 11 of Act 24 of 1935, as amended by section 7 of Act 7 of 1972 and section 9 of Act 7 of 1991

8. Section 11 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for the definition of “animal” of the following definition: 45
- “**‘animal’ [has the meaning assigned to it by the Animal Protection Act, 1962 (Act No. 71 of 1962), but does not include any reptile] means any equine, bovine, sheep, goat, pig, fowl, ostrich, dog, cat or other domestic animal or bird, or any wild animal or wild bird which is in captivity or under the control of a person;**”.
- (b) by the insertion after the definition of “animal” of the following definitions: 50
- “**‘Animal Scientist’** means a person registered as a professional natural scientist in the field of Animal Science in terms of section 20(3)(a) of the Natural Scientific Professions Act, 2003 (Act No. 27 of 2003);”.
- “**‘Board’** means the board referred to in section 3N(1);”.

- (ii) die inligting wat verstrekk moet word vir die uitreiking van 'n **[sertifikaat]** lisensie bedoel in subparagraaf (i), wat die wyse van identifikasie van 'n dier **[of hond]** insluit;
 - (c) die metode en vorm van opsluiting en huisvesting van enige dier, klas, spesie of soort diere ten opsigte waarvan 'n **[sertifikaat]** lisensie uitgereik is, hetsy op reis of tydens vervoer of verblyf op een plek; 5
 - (d) enige ander redelike vereiste wat nodig kan wees om wreedheid of lyding te voorkom met die vertoning, afrigting, onderhoud, gebruik of reis van diere ten opsigte waarvan 'n **[sertifikaat]** lisensie toegestaan is; **[en]** 10
 - (dA) die wyse waarop 'n persoon teen 'n besluit of handeling van die Nasionale Lisensieringsbeampte kan appèl aanteken;
 - (dB) die gelde betaal te word deur 'n persoon wat appèl aanteken teen 'n besluit of handeling van die Nasionale Lisensieringsbeampte; 15
 - (dC) die vergoeding betaal te word aan 'n lid van die Raad; en 15
 - (e) 'n boete van hoogstens **[R4 000]** R20 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens **[twaalf maande]** vyf jaar vir 'n oortreding van 'n regulasie, 20
- en oor die algemeen om die oogmerke en doeleindes van hierdie Wet beter te kan uitvoer.”.

Wysiging van artikel 8 van Wet 24 van 1995, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 7 van 1972, artikel 2 van Wet 54 van 1983, artikel 4 van Wet 20 van 1985 en artikel 7 van Wet 7 van 1991

7. Artikel 8 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Straf 25

8. (1) Iemand wat die bepalings van hierdie Wet of 'n regulasie daarkragtens gemaak waarvoor 'n straf nie voorgeskryf is nie of 'n voorwaarde van 'n lisensie **[of sertifikaat]** oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens **[R4 000]** R20 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens **[twaalf maande]** vyf jaar. 30

[(2) Bo en behalwe die straf in subartikel (1) bepaal is 'n magistraat regsbevoeg om vir sodanige tydperk as wat hy vasstel, van hoogstens een jaar, die lisensie van enige persoon weens 'n tweede of verdere oortreding veroordeel onder hierdie Wet of enige ander wet betreffende die voorkoming van wreedheid teenoor diere te skors. 35

(3) Elke magistraat teken op die lisensie van elke houër die besonderhede aan van elke oortreding waarvoor sodanige houër veroordeel is en die opgelegde straf.]”.

Wysiging van artikel 11 van Wet 24 van 1935, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 7 van 1972 en artikel 9 van Wet 7 van 1991 40

8. Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur die volgende omskrywings voor die omskrywing van “dier” in te voeg:
 - “**‘beampte’** 'n persoon ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), aangestel en in diens in 'n nasionale of provinsiale departement;
 - ‘departementshoof’** 'n departementshoof soos omskryf in die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994);”;45
- (b) deur die omskrywing van “dier” deur die volgende omskrywing te vervang:
 - “**‘dier’** [het die betekenis daaraan deur die Dierebeskermingswet, 1962 (Wet No. 71 van 1962), toegewys, maar sluit nie 'n reptiel in nie] enige perd, bees, skaap, bok, vark, pluimvee, volstruis, hond, kat of ander mak dier of voël, of enige wilde dier of wilde voël wat in gevangenskap of onder beheer van 'n persoon is;”;50

- (c) by the deletion of the definition of “certificate”;
- (d) by the insertion after the definition of “exhibit” of the following definition:
 “**‘head of department’** means a head of department as defined in the Public Service Act, 1994 (Proclamation 103 of 1994);”
- (e) by the insertion after the definition of “Minister” of the following definitions: 5
 “**‘National Licensing Officer’** means the officer designated in terms of section 3A;
‘officer’ means a person appointed in terms of the Public Service Act, 1994 (Proclamation 103 of 1994), and employed in a national or provincial department.”; 10
- (f) by the substitution for the definition of “use for safeguarding” of the following definition:
 “**‘use for safeguarding’** means the training, use or placing at disposal for gain, or the letting, of [a dog] an animal, with a view to or for the protection of persons and property[.];” and 15
- (g) by the insertion after the definition of “use for safeguarding” of the following definition:
 “**‘Veterinarian’** means a person registered in terms of the Veterinary and Paraveterinary Professions Act, 1982 (Act No. 19 of 1982), to practise a veterinary profession as defined in section 1 of that Act.”. 20

Insertion of section 11B in Act 24 of 1935

9. The following section is hereby inserted in the principle Act after section 11:

“Transitional arrangements

11B. (1) A licence issued in terms of the repealed section 2 of this Act or a certificate issued in terms of the repealed section 3 of this Act is deemed to have been issued in terms of section 3I of this Act and remains valid until the licence or certificate expires or is suspended, cancelled, withdrawn or amended by the National Licensing Officer. 25

(2) Anything done or any decision taken in terms of the repealed section 2 or 3 of this Act is deemed to have been done or taken by the National Licensing Officer. 30

(3) Any application for a licence or certificate made before the commencement of the Performing Animals Protection Amendment Act, 2016, must be processed by the National Licensing Officer in accordance with any criteria contained in the repealed sections 2 and 3 of this Act. 35

(4) Any investigation conducted or criminal proceedings pending before a court before the commencement of the Performing Animals Protection Amendment Act, 2016, must be processed and finalised as if sections 2 and 3 of this Act had not been repealed.”. 35

Amendment of certain expressions in Act 24 of 1935 40

10. The principal Act is hereby amended by the substitution for the expression “a dog for safeguarding”, “any dog for safeguarding” or “dogs for safeguarding”, wherever it occurs, of the relevant expression of “an animal for safeguarding”, “any animal for safeguarding” or “animals for safeguarding”.

Short title 45

11. This Act is called the Performing Animals Protection Amendment Act, 2016, and comes into operation on a date fixed by proclamation in the *Gazette*.

- (c) die volgende omskrywing na die omskrywing van “dier” in te voeg:
“**‘Dierwetenskaplike’** iemand wat ingevolge artikel 20(3)(a) van die Wet op Natuurwetenskaplike Professions, 2003 (Wet No. 27 van 2003), as ’n professionele natuurwetenskaplike in die veld van dierwetenskap geregistreer is;”;
- (d) deur die omskrywing van “gebruik vir beveiliging” deur die volgende omskrywing te vervang:
“**‘gebruik vir beveiliging’** beteken die afrigting, gebruik of beskikbaarstelling teen vergoeding, of die verhuring, van ’n [**hond**] dier, met die oog op of vir die beskerming van persone en eiendom.”;
- (e) die volgende omskrywing na die omskrywing van “Minister” in te voeg:
“**‘Nasionale Lisensiëringsbeampte’** die beampte ingevolge artikel 3A aangewys;”;
- (f) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “polisiebeampte” in te voeg:
“**‘Raad’** die raad in artikel 3N(1) bedoel;”;
- (g) deur die omskrywing van “sertifikaat” te skrap; en
- (h) die volgende omskrywing na die omskrywing van “gebruik vir beveiliging” in te voeg:
“**‘veearts’** iemand wat ingevolge die Wet op Veterinêre en Paraveterinêre Beroepe, 1982 (Wet No. 19 van 1982), geregistreer is om ’n veterinêre beroep te beoefen soos in artikel 1 van daardie Wet omskryf.”;

Invoeging van artikel 11B in Wet 24 van 1935

9. Die volgende artikel word hierby na artikel 11 in die Hoofwet ingevoeg:

“Oorgangsbepalings

- 11B.** (1) ’n Lisensie ingevolge die herroepte artikel 2 van hierdie Wet uitgereik of ’n sertifikaat ingevolge die herroepte artikel 3 van hierdie Wet uitgereik, word geag ingevolge artikel 3I van hierdie Wet uitgereik te wees en bly geldig totdat die lisensie of sertifikaat verstryk of deur die Nasionale Lisensiëringsbeampte opgeskort, gekanselleer, ingetrek of gewysig word.
- (2) Enigiets gedoen of enige besluit geneem ingevolge die herroepte artikel 2 of 3 van hierdie Wet word geag deur die Nasionale Lisensiëringsbeampte gedoen of geneem te gewees het.
- (3) Enige aansoek om ’n lisensie of sertifikaat wat voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Beskerming van Gedresseerde Diere, 2016, gedoen is, moet deur die Nasionale Lisensiëringsbeampte verwerk word ooreenkomstig enige maatstawwe in die herroepte artikels 2 en 3 van hierdie Wet vervat.
- (4) Enige ondersoek gedoen of strafregtelike verrigtinge hangende voor ’n hof voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Beskerming van Gedresseerde Diere, 2016, moet verwerk en afgehandel word asof artikels 2 en 3 van hierdie Wet nie herroep is nie.”;

Wysiging van sekere uitdrukkings in Wet 24 van 1935

10. Die Hoofwet word hierby gewysig deur die uitdrukking “’n hond vir beveiliging”, “enige hond vir beveiliging” of “honde vir beveiliging”, waar dit ook al voorkom, te vervang deur die tersaaklike uitdrukking van “’n dier vir beveiliging”, “enige dier vir beveiliging” of “diere vir beveiliging”.

Kort titel

11. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Beskerming van Gedresseerde Diere, 2016, en tree in werking op ’n datum by proklamasie in die *Staatskoerant* vasgestel.